**Woensdag 29 Julie**
**Skrifgedeelte: Esra 9**
**Fokusgedeelte: Esra 9:13, 14**
**God se lankmoedigheid met sy volk: Genade wat ons terugroep**

Esra bely die volk se sonde en roep tot God in ’n gebed van diepe berou. Die rede vir sy gebed: die volk Israel het weer begin afwyk van God se pad, selfs nadat God hulle genadig was ná die ballingskap. Esra is geskok dat die volk so vinnig van God se groot genade vergeet het. Hierdie gedeelte herinner ons aan twee belangrike waarhede aangaande God se lankmoedigheid:

- God se genade is groter as ons sonde – God het Israel nie heeltemal vernietig nie. Selfs toe hulle swaar gesondig het, het Hy hulle gestraf met genade, en ’n oorblyfsel gespaar. Dit spreek van God se groot ontferming – Hy laat nooit heeltemal vaar wat aan Hom behoort nie.
- Genade vra ’n verantwoordelike reaksie – Esra vra: “Moet ons dan weer u gebooie oortree?” Ware dankbaarheid vir God se genade moet lei tot gehoorsaamheid en ’n wegdraai van die sonde. Esra sien dat ongehoorsaamheid ná verlossing selfs gevaarliker is, want dit kan God se toorn weer opwek.

God se lankmoedigheid vind sy volmaakte uitdrukking in Christus. In Christus sien ons die volmaakte Middelaar. Jesus tree vir ons in voor die Vader (Heb. 7:25), nie net met gebed nie, maar deur sy bloed. Al het ons God se gebooie verbreek, het Hy nie met ons na ons sondes gehandel nie (Ps. 103:10), maar aan ons genade bewys deur die kruis. Net soos God die volk nie verwerp het nie, maar hulle ’n pad van herstel gebied het, so bied Hy in Christus aan elke sondaar die kans om terug te keer. Moet daarom nie God se lankmoedigheid minag nie (Rom. 2:4). Dink altyd aan God se genade wat Hy aan jou bewys het en moenie in ou sondes terugval nie. Waar God ’n nuwe begin gee, vra Hy ’n nuwe leefwyse.

*Sing: Psalm 103-1: 2, 5*

*Dr. De W (De Wet) Saaiman (Krugersdorp)*